Acta Theologica Supplementum 6 2004

# 'N HOOFSTUK IN DIE (OUTO)BIOGRAFIE VAN DIE PREDIKANT (PASTOR?)

J-A. van den Berg[1]

## ABSTRACT

## A CHAPTER IN THE (AUTO)BIOGRAPHY OF THE MINISTER (PASTOR?)

This article makes a further contribution (*chapter*) to the existing debate (*book*) about the office, personality and spirituality of the pastor. Voices from literature, those of various pastors (*biographical*) and that of the author (*autobiographical*) direct the process of Participatory Action Research and supply the text. From various stories it becomes clear that the pastor is under pressure. Until now research was aimed on the one hand at indicating why pastors are under pressure and on the other hand how the causes can be managed. The sub-text speaks for the approach in this article when it is indicated that the acknowledgement of pain does not only give new meaning to the self, but to the pastoral duty as well. The development of the metaphor "wounded healer" and the associative networks it awakens, are important in the establishment of these accents in a new life text. This perspective ought to be articulated in the further development of metaphors for the description of the identity of the pastor.

## 1. INLEIDING

Karel Schoeman onthou in *Die uur van die engel*

> seuntjies in grys of donkerblou Sondagpakkies, die hare platgestryk met haarolie, en die dogtertjies in wit rokkies en strooihoede met blomkransies; *hy onthou vir dominee Hamman op die preekstoel, swart en regop soos 'n granietsuil* (Schoeman 1995:21; my kursivering).

Tans bevestig navorsing wêreldwyd dat die dominee(s) nie meer swart en regop soos 'n granietsuil is nie, maar tye van onsekerheid en spanning in persoon en amp beleef (Meek *et al*. 2002:339; Müller & Howell 2003:1; Van Zyl 2004:8). Die redes vir die onsekerheid en

1 Dr. J-A. van den Berg, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein. E-pos: vdbergja.hum@mail.uovs.ac.za

spanning van die predikant word onder andere in persoon (Roux 1992: 229-230); werksbeskrywing (Kellerman 1991:290-297) en in 'n bepaalde (moeilike?) tyd in die kerk se bestaan gevind (Snyman 2001: 114).

In 'n tyd waar besinning oor die persoon, identiteit en amp van die predikant belangrik is (Heitink 2001:255), is ek van mening dat die verhaal wat die predikant in sy/haar eie stem vertel, 'n belangrike bydrae tot die gesprek kan lewer. Ten spyte van die empiriese beskrywing van die predikant se lewe en werk deur kwantitatiewe navorsing (De Bruin & Malan 2001:357-368; Swart *et al.* 2001:90-92), is reeds gevra dat die gesprek versterk word deur ook kennis te neem van die bydrae van kwalitatiewe navorsing soos onder andere vergestalt in diepte-onderhoude met predikante (Böhmer en Spangenberg 2001:12).

In moontlike antwoord op bostaande versoek lewer ek in dié artikel 'n beskrywing van gesprek(ke) waarby ek en 'n aantal predikante die afgelope jare betrokke was en is. In die beskrywing van die proses lewer ek verslag oor die inhoud van die gesprek(ke) wat tot dusver gevoer is met aanduiding van moontlike beklemtonings vir toekomstige gesprekke.

## 2. OP SKRIF STEL ...

Die formulering van die titel van die artikel, *'n Hoofstuk in die (outo)-biografie van die dominee (pastor?)*, spreek om verskeie redes boekdele. Die gebruik van die onbepaalde lidwoord is eerstens 'n bevestiging dat die artikel slegs 'n verdere bydrae (*hoofstuk*) tot die bestaande en steeds voortgaande gesprek (*boek*) oor die biografie van die dominee is (Heitink 2001). Tweedens plaas ek myself metodologies deur die *outo*-voorvoegsel aan die woord *biografie* te voeg. Daardeur word 'n nuwe woord gevorm met erkenning aan die betekenis van my eie lewensverhaal, wat deel is van die navorsing (Bons-Storm 2002:27). Derdens bied die titel 'n handige metafoor, enersyds as uitdrukking van die metaforiese aard van ons bestaan (Lakoff & Johnson 1980:235), maar ook andersyds ter beskrywing van die aard van die navorsing. As gegewe en uitdrukking hiervan dui ek die metafoor van 'n redaksieproses en spesifiek die gebruik van *tekskritiek* en die assosiatiewe

netwerke wat dit oproep (Müller & Maritz 1998:66) deurlopend kursief in die teks aan. Laastens gryp die titel reeds vooruit na 'n moontlike perspektief in die uitkoms van die navorsing as *pastor*, met 'n vraagteken, in hakies geplaas word. Die perspektiewe word verwoord teen die agtergrond van die metafoor van *tekskritiek* (as moontlike alternatiewe lesing op die lewensteks van die predikant) wat deurlopend in die artikel aan orde gestel word.

Die narratiewe praktiese teologie van Charles V. Gerkin (1991:59) bied 'n *omslag* vir die *hermeneutiese genre* van die navorsing. In dié *omslag* word die verbondenheid van die verskillende stories van die lewe met die Verhaal(e) van die Christelike gemeenskap *ingebind*. Gerkin se model plaas die pastoraat in die dialogiese sentrum waar die Storie(s) van Christelike gemeenskap die stories van mense ontmoet (Gerkin 1997:111). In die gebruik van verhale, metafore en simbole word dié hermeneutiese aanpak in die pastoraat verwoord (Louw 1999:22-23) waarin "... pastoral theology cannot operate without the correlation between biblical texts and human contexts" (Louw 2003:49). Die *skryftrant* wat die gesprekskarakter van die navorsing verwoord, word georden aan hand van die "practical wisdom"-model van Don Browning waarin gebruik gemaak word van 'n sirkulêre beweging tussen praktyk en teorie (Browning 1991:34-39). As uitdrukking hiervan neem ek verantwoordelikheid om die inhoud van die artikel te formuleer aan die hand van die verskillende stemme van predikante (waarby ek my eie stem reken) wat verweef word met stemme vanuit die literatuur.

Deelnemende Aksie Navorsing is die *skryfstyl* waardeur die dialoog van verskillende verweefde stemme soos gehoor in die navorsing op die beste moontlike wyse aan die woord gestel word. In dié navorsing is die fokus op die betrokkenheid en deelname van al die rolspelers in die betrokke navorsingsprojek (Strydom 2002:419). Die voordele daarvan om vir Deelnemende Aksie Navorsing as *skryfstyl* te kies, is dat die deelnemende stemme onmiddelik praktiese waarde het; dit bevorder die gesprekskarakter van die navorsing en dit artikuleer op 'n respekvolle wyse aksente in verskillende verhale as nuwe perspektiewe (Uzzell 1995:311). Ander predikante (en hulle verhale) word dus in dié navorsing erken as "research participants; co-researchers" (Müller *et al*. 2001:76) of as *medeskrywers*.

Die *skryf* aan die (*outo*)*biografiese hoofstuk* het oor die afgelope jare plaasgevind. Die *letters* van die gesprekke is tot *woorde verklank* in persoonlike ervaring, individuele gesprekke met predikante en tydens geleenthede spesiaal vir dié doel geskep. Alhoewel ek verantwoordelikheid neem om die betekenis van die woorde van die verskillende gesprekke te verklank, druk ek my eie en ander predikante se stemme *tipografies* uit deur onder andere gebruik te maak van 'n ingekeepte paragraafformaat met 'n kursiewe lettertipe, anders as wat in die res van die teks gebruik word. In erkenning dat ek ander se verhale in my woorde formuleer het en as verdere uitdrukking dat dié tipe navorsing primêr gerig is op die voordeel van die mede-navorsers (Kotzé & Kotzé 2001:9), in dié geval predikante, is die voltooide artikel (*hoofstuk*) onder deelnemende predikante versprei vir 'n finale *redaksionele* proses. Om verstaanbare redes word die name van medewerkers nie bekend gemaak nie. In erkenning van die onmoontlikheid om deur 'n aantal kort aanwysers 'n persoon se lewe *biografies* te *beskryf*, word persoonlike gegewens verswyg, alhoewel die lede van die gespreksgroep(e) verteenwoordigend was en is van 'n wye spektrum van verskillende veranderlikes.

## 3. TEKSKRITIEK EN DIE DOMINEE SE VERHAAL?

Ten einde ander se verhale te hoor en te verwoord, waag ek dit eers om 'n greep uit my eie persoonlike verhaal te vertel:

> *Ek het aanvanklik nie die werklikheid en betekenis van siekte verstaan nie. My ervaring het in Februarie 2000 begin toe rooi afskilferende en jeukende letsels soos 'n veldbrand oor my hele liggaam versprei het. Dit het algaande vererger tot ek kort daarna met akute allergiese ekseem gediagnoseer is. Besoeke aan verskeie geneeshere en verskillende terapieë wou nie één verligting bied nie. Siklusse van geringe beterskap is oorspoel deur die siekte wat my funksionering aan bande gelê het. Die siekte het nie net 'n invloed op my lewe gehad nie, maar ek is gekonfronteer met die wete dat my vrou baie van my pligte op haar moes neem en dat die kinders begin praat het van 'n pappa wat siek is. Ek was sensitief oor wat mense van my siekte en van my gedink het. Sommige was van mening dat my siekte die direkte gevolg van werkspanning was. Dit het my soos 'n swakkeling laat voel wat nie spanning kon hanteer nie. In 2001 het ek het nog verdere en meer gereelde terugvalle begin beleef. Die siekte het my nie net liggaamlik aangetas nie, maar ek kan goed onthou hoe ek in die tyd ook psigies en geestelik verlam gevoel het. Deur*

> *die gebruik van medikasie het ek vir dae nie geweet wat om my gebeur het nie.*
>
> *Dit was in dié tyd van siekte dat ek die voorreg gehad het om op formele en informele wyse by gesprekke met ander predikante oor dié sake betrokke te kon raak. Die gesprekke is tydens retraites, groepsgeleenthede, op persoonlike basis, deur telefoonoproepe en met die hulp van elektroniese pos gevoer. Sentraal tot dié gesprekke was die soeke na betekenis van siekte en pyn in ons lewensverhale.*

Dit was in die gesprekke dat die betekenis van ons lewens*tekste* nuut *gelees* en *geïnterpreteer* is (Gerkin 1984:122). Tydens sulke gesprekke het metafore groot waarde gehad in die uitdrukking van die betekenis van ons lewenservaring. Tydens die navorsing het ek en die gespreksgenote ontdek dat *teks*kritiek 'n betekenisvolle metafoor is aan die hand waaraan die betekenis van ons gesprekke oor aspekte van die predikant se lewe verklank kan word. *Teks*kritiek is die dissipline in die Bybelwetenskappe wat "…gaan om die rekonstruksie van antieke tekste…" (Petzer 1990:2). In die rekonstruksie word gesoek na die beste en geldigste lesing van 'n bepaalde teks. Indien vertalers en eksegete nie van *teks*kritiek gebruik maak nie, bestaan die gevaar dat slegs een bepaalde lesing van die *teks* as die aanvaarbare gereken sal word.

Narratiewe terapie het onder andere die aandag daarop gevestig dat mense se omstandighede hulle lei om sekere gebeure as betekenisvol te beskou terwyl ander (dalk net sulke, of selfs meer betekenisvolle, gebeure) nie verwoord word nie (Freedman & Combs 1996:42). Dié deel van die mens se lewens*teks* word as die dominante verhaal beskryf (Morgan 2000:11). In die gesprek(ke) oor die persoon van die predikant is dit duidelik dat verskillende inhoudskakerings van onsekerheid en spanning (Swart, Fourie & Scheepers 2001:89) boustene in die "problem-saturated description" (White & Epston 1990:5) van die predikant se lewe geword het.

Erasmus (2004:6) verwoord iets van hierdie temalyn as hy in die eerste persoon meervoud oor die posisie van predikante skryf:

> Dit is asof 'n soort angs ons begin beetpak. Watter verbeeldingryke planne moet ons nie beraam dat mense tog nog steeds sal kerk toe kom nie? Dit maak die druk op predikante ook net al hoe groter. 'n Soort *performance anxiety* kom kruip onder jou vel in …

Die "performance anxiety" word natuurlik in stand gehou deur verskillende ideaalbeelde wat as sentrale temas in predikante se verhale dien en waarvolgens hulle lewensverhale op normatiewe wyse gekonstrueer word (Bosman 2001:45). 'n Voorbeeld van een van dié ideaalbeelde waarvolgens die predikant sy/haar lewe wil konstrueer is dat hy/sy en sy/haar gesin as simbool van perfektheid moet dien. Onuitgesproke hoorbaar word verwag dat die predikant 'n voorbeeld moet wees van perfekte Christenskap en van emosionele stabiliteit en geluk.

In gesprek(ke) met ander predikante het ons saamgestem dat dit ironies genoeg juis navorsing is wat somtyds die probleemgedrewe beskrywing van die predikant se lewe versterk. Na aanleiding van die navorsingsgesprek word dit op tweërlei wyse in die lewens*teks* van die predikant bevestig. Ten eerste is dit betekenisvol dat die meerderheid van navorsing in die sielkunde dié probleemgedrewe beskrywing van die predikant handhaaf en selfs versterk deur alleenlik te fokus op stressore en patologie (Meek *et al*. 2003:340). Müller (1992:171) het reeds aangetoon dat waar moontlike oplossings vir die situasie van die predikant, alhoewel goed bedoel, aangebied word, dit nie noodwendig rekening hou met die komplekse situasie van die predikant nie. Na my en van die gespreksgenote se gevoel is dit juis dié "oplossings" in die literatuur wat dikwels onwetend meehelp tot die instandhouding van die probleemgedrewe beskrywing van die predikant. Die meganisme van versterking word daarin gevind dat die alreeds gekwelde predikant van die voorgestelde "oplossings", soos byvoorbeeld beter tydsbestuur, probeer toepas, net om te ontdek dat die situasie té kompleks is vir dié antwoord. Die reeds problematiese beskrywing van lewe en werk word dus net verder versterk as die predikant weer eens ontdek dat ook dié oplossing nie gewerk het nie.

Tweedens is ek en my mede-navorsers dit eens dat daar tans baie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedoen word ten einde die predikant in lewe en werk te begelei. Die Algemene Kommissie vir Predikantebegeleiding se verslag (Algemene Sinode 2002:264-276) spreek byvoorbeeld van begrip vir die predikant se situasie en daadwerklike stappe word ook geneem om die situasie van die predikant aan te spreek. Ons is egter bekommerd dat die verslag onwetend kan meewerk aan die instandhouding van die diskoers dat die predikant

suksesvol behoort te en kan wees. Natuurlik is daar opsigself niks daarmee verkeerd nie, maar as dit bydra tot die versterking van 'n ideaalbeeld oor hoe die predikant behoort te wees, word die probleem-gedrewe beskrywing ook daardeur in stand gehou (Freedman & Combs 1996:16).

Die verskillende merkers tot dusver in die verhaal van die predikant dra as dominante diskoerse by tot die skep van sogenaamde "thin identity conclusions" (White 1997:61) waar die predikant se sukses maar weer gemeet word aan sy/haar vermoë om onder andere die uitdagings suksesvol te hanteer. Die dun beskrywings lei uiteindelik weer tot "personal failure or inadequacy" (White 1997:151) met refleksie op die persoon se identiteit as uitkoms (White 2002:35).

Ek verwoord Leon se storie om bogenoemde te illustreer:

> *Leon het vertel dat hy soos 'n spyker voel waaraan daar té veel goed gehang word. Dié spyker dreig om uit die muur te breek. Dinge wat volgens hom aan die spyker hang, is die verwagtinge wat die gemeente van hom het, sy gesin se verwagtinge en natuurlik ook sy eie verwagtinge. Die gewig van al die sake raak net té veel vir hom om alleen te dra. In 'n poging om al die goed te dra het hy die afgelope tyd moeite gemaak met 'n verskeidenheid van veranderinge. Sy dagprogram is anders ingerig, hy het meer tyd vir sy gesin gemaak en hy het weer aan sport begin deelneem. Tog vertel hy dat daar tye in sy lewe aangebreek het, dat ten spyte van al die veranderinge en verbeteringe, hy steeds die gevoel gehad het dat hy besig is om uit die muur te breek.*

## 4. 'N ALTERNATIEWE LESING VAN DIE TEKS?

> *Sandra het vertel dat sy in só 'n tyd met nuwe passie gesoek het na letters, woorde en beelde vir dit wat sy self nie in woorde oor haar lewe kon sê nie. In dié tyd het haar lees van 'n verskeidenheid van boeke haar baie gehelp. In die verskillende tekste kon sy woorde en betekenis vind met betekenis vir haar eie lewe.*

Insigte uit mekaar se lewens, die literatuur en die Skrif het tydens ontmoetings as *variante lesings* (in die metafoor van tekskritiek) op ons lewens*teks* begin dien. Perspektiewe uit die *literatuur* wat gespreksgenote na eie keuse hanteer het, is op 'n algemene en spontane wyse tydens die ontmoetings verwoord.

Ons het gaandeweg begin formuleer aan 'n ander storie oor onsself, ons werk en ons toekoms. In die formulering van wat die narratiewe terapie ken as 'n alternatiewe verhaal (Freedman & Combs

1996:16; Morgan 2000:15), het ons die beskrywing van ons situasie voller en ryker gemaak.

Die werk van die spiritualiteitskrywer Henri Nouwen (Jonas 1998: xiii-1xx; Ford 1999:1-5) het in dié tyd veral onder predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat retraites bygewoon het, gewild geword. Tydens verskeie gespreksgeleenthede het ek ontdek dat predikante gemaklik kan gesels oor van die metafore wat Henri Nouwen in sy werk gebruik. Dit was juis in ontginning van die metafore dat nuwe en ook alternatiewe betekenis vir ons eie stories ontwikkel is.

> *As deel van een van die gesprekke het Sarel per e-pos aan my uittreksels uit die werk van Nouwen gestuur waarin hy die lewe en werk van die predikant se situasie met die van 'n nar vergelyk. Die metafoor van 'n nar, het Sarel vertel, het om 'n verskeidenheid van redes wye betekenis vir hom. Ten minste drie redes het tot hom gespreek: Net soos die nar het die dominee 'n vreemdeling geword in 'n hoogs funksionerende tegnologies gedomineerde wêreld. Dié wêreld het volgens eie standaarde nie meer plek vir die blapse van 'n nar óf vir 'n afhanklike predikant nie. Tweedens verskyn die nar tussen hoofmomente van die program in die sirkusring. In dié lewe word die dominee ook dikwels net benodig vir die oorgange in die lewe: by geboorte, met 'n doopgeleentheid, dalk 'n huwelik en met 'n begrafnis. Oor die derde betekenis skryf Sarel dat hy in 'n boek van Johan Cilliers (1998:107) die volgende gedig van Manie Malan onder oë gekry het. Dit lui as volg:*
>
> *Ek is 'n nar.*
> *'n circus clown.*
> *God se hanswors.*
> *Met my tamatieneus, en my groot wit mond,*
> *en uitroeptekens bokant my oë.*
>
> *Ek staan Sondae voor die mense*
> *en ek sê: Lag, mense, lag!*
> *Word bly, mense, word bly!*
> *Moenie meer huil nie.*
> *Kyk daar kom 'n nuwe aarde.*
>
> *Maar as ek uit die sirkusring hardloop,*
> *terwyl die orrel dawerend speel,*
> *tot agter in my tent of karavaan,*
> *dan huil ek in my hande.*
>
> *Ek hou maar net soos julle aan God se genade vas.*
> *Ek wag bewend op die Here.*
> *Ek struikel dikwels.*
> *Daarom loop ek so voetjie vir voetjie.*
>
> *Maar my lewe is geanker-*
> *op hierdie baie stormagtige see –*

*deur 'n Stuurman,*
*die beste een,*
*wat op die wal*
*in die hemel*
*aan die regterhand van God sit.*

*Sarel het vertel dat dié gedig sy situasie verwoord het en hom gehelp het om op 'n nuwe manier na sy lewe en werk te kan kyk.*

Tydens 'n gespreksgeleentheid met predikante het ek vrymoedigheid geneem om hulle bekend te stel aan dié gedig. Die gedig het die *teks* geword waaraan predikante hulle lewensverhale tydens die geleentheid herken en erken het. Om vir die eerste keer na mekaar te kon kyk as "clowns", wat "in ons hande huil", "wat dikwels struikel" en wat nou maar "voetjie vir voetjie" loop, het nie net 'n alternatiewe lesing van ons verhale voortgebring nie, maar ons ook bemagtig om te kon praat oor die eens ontoeganklike.

Elke keer wanneer ek by só 'n geleentheid betrokke was waar predikante kon ontdek dat 'n alternatiewe *lesing* van lewe en werk ook geldig is, het 'n moment gevul met integriteit en waarheid in elkeen se lewens*teks* ingebreek (Vos 1998:138-139).

# 5. DIE GETROUSTE WEERGAWE VAN DIE TEKS?

*Dit was vir my en Andrew betekenisvol om 'n ruk ná die geleentheid saam te kon gesels oor die nuut aangebringde skets in sy studeerkamer van 'n nar met die woorde van Henri Nouwen (wat hy iewers gelees het) dat "Ministry is the profession of fools and clowns telling everyone who has an ear to hear and an eye to see that life is not a problem to be solved but a mystery to be entered into".*

*Teks*kritiek stel ten doel die soeke na die getrouste weergawe van die oorspronklike teks. In gesprekke met die predikante het metafore hermeneuties 'n toenemend belangrike rol gespeel deurdat dit nuwe (verborge) perspektiewe opgeroep het wat verhelderend was (Beukes & Koekemoer 1993:597). Die waarde van die gebruik van metafore in die gesprekke is daarin te vind dat dit die self beskryf (Hoskins & Leseho 1996:243), maar ook die leefwêreld van die persoon verwoord (Louw & Hamman 1997:384). In dié beskrywing word meer verwoord as die letterlike en word vae betekenis helder formuleer (Müller

& Maritz 1998:70). Op dié wyse is ander dele van die lewens*teks* van predikante verwoord wat normaalweg onverstaanbaar en onhoorbaar was.

Ingebed as deel van die narratiewe terapie, bied metafore ook die geleentheid tot eksternaliserende gesprekke (Morgan 2000:29). In eksternalisering word die probleem los gemaak van die persoon en as probleem hanteer. Dit was in dié opsig dat die gebruik van die metafoor van 'n nar nie noodwendig as eksternalisering per se nie, maar as weg tot eksternaliserende gesprekke 'n brug geword het om te praat oor die identiteit van die predikant. Op nie-bedreigende wyse, sonder om weerstand te wek, het die metafoor predikante gehelp om 'n verband tussen verskillende narratiewe te skep en mee te werk aan die ontdekking van nuwe nuanses in die beskrywing van identiteit.

Winslade (2003:3) wys daarop dat dit juis dié tipe gesprek is wat 'n bydrae lewer tot die vestiging van 'n ryker beskrywing van die self. Ryker beskrywings van die self staan teenoor dun beskrywings waarna vroeër verwys is en wat identiteit aan slegs een betekenisaspek koppel.

> Teenoor hierdie dun beskrywings van die self, staan die oogmerk van die narratiewe benadering om nuwe selfnarratiewe te konstrueer wat die kompleksiteit van mense se lewens honoreer en wat as alternatief kan dien vir die dominante narratiewe wat die self informeer (Bosman 2001:197-198).

Dit is duidelik dat die metafoor van byvoorbeeld 'n nar 'n bydrae lewer om die kompleksiteit van die predikant se lewe en werk te beskryf. Dié ryker beskrywing het tot gevolg dat die kompleksiteit van die menslike bestaan erken word en ook ingebed word in verhouding met die persoonlike narratief en die verhale van ander mense en die gemeenskap (Bosman 2001:124).

In refleksie op die proses is bevestig dat mense wat soek na sin en betekenis, metafore as weg tot nuwe ontdekking en verstaan kan gebruik (Jung 1964:87). Ek het toenemend saam met ander predikante tydens die afgelope paar jare se gesprekke ontdek dat metafore 'n beter lesing van die oorspronklike lewens*teks* bied.

# 6. ’N NUWE TEKS EN … PREEK?

*Na my siekte het daar ’n diepte in my pastoraat aangebreek. In dié tyd het ek vir die eerste keer begin verstaan wat dit beteken as iemand siek is. Gemeentelede het my met meer vrymoedigheid vertrou met die omvang van hulle probleme, siekte en seer.*

Tekskritiek se bydrae is onder andere te vind in die feit dat variante lesings kan bydra tot moontlike verdere perspektiewe op die bepaalde gedeelte en die formulering van ’n verantwoordelike teologie.

Tydens verskillende individuele en groepsgesprekke was dit opmerklik hoe dikwels die metafoor van “wounded healer” gebruik is. Dié metafoor is dikwels vir die beskrywing van persoonlike lyding gebruik. ’n Moontlike rede hiervoor is dat baie predikante in ’n retraitekultuur blootstelling gehad het aan die werk van die spiritualiteitskrywer Henri Nouwen. My vermoede is egter dat dié metafoor ’n moontlike verheldering van die bestaande lewens*teks* van die predikant was en is en dat predikante bepaalde betekenis in dié metafoor vir hulle eie lewens herken het.

Nouwen gebruik die metafoor van “wounded healer” reeds in 1979 in ’n boek van hom met die gelyknamige titel (Nouwen 1979: 81). Nouwen het die metafoor van “wounded healer” teëgekom as deel van sy studies in sielkunde in die bestudering van die werk van die bekende psigoanalis Carl Gustav Jung (1875-1961). Jung wat die woorde “only the wounded physician heals” (Jung 1961:156; Sedgwick 1994:1-7) bekend gemaak het, ontleen die term weer aan die Griekse legende van Asklepios, die gewonde geneesheer. Asklepios, die seun van die god Apollo, is gewond voor geboorte. Koronis, wat ontrou was aan Apollo, is gedurende haar swangerskap, op Apollo se aandrang, deur sy suster Artemis geskiet. Terwyl Koronis besig was om te sterf, het Apollo sy seun uit haar baarmoeder gered en hom aan die geneesheer Chiron gegee om hom groot te maak en te onderrig in die kuns van genesing. Chiron, wat halfmens en halfgoddelik was, het deur die giftige pyle van Herkules ’n ongeneesbare wond opgedoen. Dus het Chiron, as geneesheer wat self genesing nodig gehad het, aan Asklepios die kuns van genesing gegee en die vermoë om tuis te wees in die donkerte van lyding. Juis daarin het hulle die lig van herstel gevind (Knight 1986:34-35).

Means (2002:41) projekteer bostaande perspektiewe op die predikant as hy daarop wys dat die predikant op ten minste drie wyses verwond word. Eerstens word wonde toegedien deur 'n eie lewensverhaal se bewegings en ontwikkeling. Kotzé & Kotzé (1993:363-364) het reeds gewys hoe die gesin van oorsprong die predikant se verhaal beïnvloed. Tweedens dra die verhale wat mense aan ons in die pastoraat vertel, by tot die skep van wonde. Die predikant kan nie anders as om deur die reliëf en kontoere van ander se stories na 'n landskap meegevoer te word waar ongunstige klimaatstoestande die uitsig op verstaanshorisonne ernstig belemmer nie (Streib 1991:151). Derdens doen die predikant volgens Means (2002:41) wonde op deur die kultuur en wêreld waarin hy/sy tans leef. In 'n postmoderne wêreld bevind die predikant hom/haar tans toenemend in 'n gemarginaliseerde rol waar die amp as té verengend óf as oorbodig beskou word.

In erkenning van ons verwondheid word die waarheid verklank dat dit alleen dié een is wat sensitief is vir en 'n persoonlike kennis van pyn en lyding het, wat betrokke kan wees by genesing (Knight 1986:34; Greenfield 2001:213). Dit was my eie en gebrekkige vertelling van 'n moment van verwondheid in my eie lewe wat by sulke geleenthede spontaan verskillende gespreksgenote aan die woord gestel om hulle eie verhale van verwondheid te verwoord. Tydens sulke geleenthede het ek en die ander predikante besef dat in die vertel van die verskillende verhale gebrekkige letters en woorde maar net die kant van die wond kan raak. Die seer en pyn is eintlik geleë in dit wat nie met woorde gesê kan word nie (Frank 1995:98). Tereg skryf Nouwen (1997:91) hieroor dat as 'n mens bereid is om dit te doen, jy tot die ontdekking kom van hoe diep jou wonde is. Dit is dan dat 'n mens geroep word om die wonde nie net te oordink nie, maar dat dié seer vra om gevoel te word, om oor gehuil te word en om oor stil te word. Nouwen aksentueer dus dat spiritualiteit, as duidend op die individu se godsdienstige belewenis, nou as merker in pastorale sorg verklank dat dit om 'n soeke saam met die ander na God se teenwoordigheid in hulle situasie gaan (Dreyer 2003:716). Waar verwondheid en pyn deel is van 'n geïntegreerde en deurleefde spiritualiteit, ervaar die predikant (en sy/haar gespreksgenoot in die pastoraat) dat die Goddelike werklikheid 'n realiteit word (Malherbe & Louw 2002:521).

In dié tyd het ek weer onder die indruk gekom van die betekenis van die navorsing van Malan & De Bruin (2001:357-368) wat empiries kwantitatief bewys het dat koherensiesin betekenis as moontlike antwoord vir die probleem van uitbranding by die predikant het. In die teorie van die mediese sosioloog Aaron Antonovsky is koherensiesin ingebed in die veronderstelling dat die ou patogeniese ingesteldheid vervang moet word deur salutogenese wat stres nie noodwendig as negatief beskou nie (Antonovsky 1987:19). Hiervolgens het "individue wat voel dat hulle dít wat met hulle gebeur, begryp, dat hulle oor die nodige bronne beskik om dit te hanteer en dat daar sin en betekenis in hulle lewe is" 'n hoë koherensiesin (Malan & De Bruin 2001:360). Soos reeds aangedui, vra Böhmer en Spangenberg (2001:12) in hulle artikel dat dié insigte en perspektiewe verder ontwikkel word aan hand van kwalitatiewe gesprekke met predikante. Ek het in verskillende gesprekke met predikante hulle mening gevra oor 'n moontlike verband tussen koherensiesin, soos ontwikkel deur Antonovsky, en die metafoor van "wounded healer". Die gesprekke het gewoonlik op 'n gemaklike en spontane wyse verwoord dat die metafoor van "wounded healer", as beskrywing van die predikant se lewe, gehelp het om die konsepte van koherensiesin te verhelder. Predikante het byvoorbeeld in die metafoor van die "wounded healer" 'n beskrywing gevind om te verduidelik wat met hulle gebeur, om eie ondersteuningsbasisse te verwoord, terwyl dit terselfdertyd bygedra het om sin en betekenis aan hulle lewe te gee.

In gesprekke hieroor het die predikante met mekaar saamgestem dat die dominee nie soos *'n swart, regop granietsuil* kan wees nie. Dit is juis in ons kwesbaarheid dat ons ander se verwondheid verstaan (Müller 1996:12). Tereg het een predikant my gehelp om te verstaan dat "omdat jy self 'n verleentheid het, jy ander met hulle verleenthede net soveel meer genaakbaar hanteer". Daarom het ons in gesprekke saamgestem dat die metafoor van 'n nar en *gewondwees* handig is in die beskrywing van wie ons as predikante is. Tereg word die metafore wat dan gekies word, simbool van persoonlikheid en van lewenstaak (Zuideest 1985:340).

> *Paul het vertel dat hy eenmaal gelees het van die dominee wat so bly was om sy toga uit te trek en daarin te voel hoe die amp van hom afgly. Paul het gesê hy dink 'n mens kan dit doen as die spreekwoordelike toga vir jou soos 'n skild is. Die perspektief van verwondheid vra dat jy die seer van jou*

*eie lewe sal aantrek. In dié opsig het hy vertel dat tekste soos Jesaja 53: 8 ("Deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom") die Kneg van die Here se werk in sy lewe en sy bediening omskryf.*

*Dit was onlangs eers in gesprek met Sanet dat ek weer ontdek het hoe elkeen sy/haar verwondheid verwoord. Vir haar het die woorde van Lied 230 in die Liedboek van die Kerk dié betekenis van genesing in verwondheid gedra." O Jesus, in u lyding kom soek ek troos in nood… Genees my deur u wonde, verwyder al my vrees..." "Weet jy", het sy vertel, "as ek die lied lees en dit bid, leef ek in my wonde en kan ek die Boodskap van die groot Geneesheer na ander mense met wonde toe neem." Sy het vertel dat sy eenmaal gelees het dat die bekende Albert Schweitzer tydens 'n optrede voor joernaliste die geleentheid onderbreek het deur eers 'n ou dame met haar tas te help. Een van die joernaliste het toe opgemerk dat dit die eerste keer was dat hy 'n lewende preek gesien het. Sy het vertel dat sy só wil wees…dat ook deur haar eie wonde sy 'n lewende preek vir die gemeente wil wees.*

# 7. DIE SWAARSTE GETUIENIS …

*'n Predikant het vertel dat hy in Karel Schoeman se roman, "Die uur van die Engel", iets van sy eie belewenis raak gelees het. Tekenend van sy situasie, asook van mý eie belewenis, gee ek die aanhaling volledig weer:*

*Het dit my dan werklik vreugde gegee terwyl elke preek wat ek voltooi opnuut 'n nederlaag was, die herbevestiging van my onvermoë? Die koel, skemerige konsistorie, die klank van die orrel, die gehoes en geskuifel van die mense, en die besef van my mislukking waar ek vir 'n oomblik met my hand op die deurknop bly staan. Selde het ek sonder 'n besef van mislukking oor die hoofde van my gemeente uitgekyk, nooit het ek op daardie kansel gestaan sonder 'n gevoel van ontoereikenheid nie. Nooit het ek daar gestaan om my preek voor te dra sonder om te besef dat my stem onhoorbaar is nie, my woorde onverstaanbaar, my verstrengelde gedagtes ontoeganklik vir diegene wat my moet aanhoor. Nooit het ek daar gestaan om te preek nie sonder 'n gevoel van verlatenheid, sonder 'n gevoel van suiwer angs. Van die donker hemel bokant my kop, van die kaal wit mure van die kerk, het my woorde dood en flets weerkaats (Schoeman 1995:247).*

Die aanhaling uit die roman verwoord iets van die situasie van die predikant. In die gespreksgroep(e) was die gevoel dat die aanhaling die predikant help om sy/haar belewenis nie net te kan formuleer nie, maar dit ook te artikuleer. Alhoewel aan die hand van die stem van 'n skrywer, word dit wat baie predikante dikwels ervaar, maar wat niemand waag om te sê nie, nou toeganklik, uitgesproke en hoorbaar. Ek het die voorreg gehad om aan die hand van dié aanhaling by verskeie gesprekke met predikante betrokke te wees. Ek het saam met dié gespreksgenote ontdek hoe die metafore wat in die bostaande teks

ingebed is, poorte geword het waardeur predikante hulle gevoelens en emosies kon verbaliseer en artikuleer.

Die interessante was dat die gesprek oor die metafoor van 'n "wounded healer" gespreksgenote sensitief gemaak het om merkers met dié betekenisinhoud in ander mense se lewens en werk te gaan soek. Voorbeelde van sulke mense en hulle verhale wat deel van die groep se gesprek geword het, sluit 'n verskeidenheid van figure van Carl Gustav Jung (1933) en Anton T. Boisen (1960) tot 'n Suid-Afrikaanse perspektief in die lewens van Willie Jonker (2000) en Malan Nel (2001) in. In gespreksgeleenthede is my vermoede bevestig dat dié figure vir die individu eksemplaries geword het van hoe 'n mens 'n "wounded healer"-leefstyl prakties kan maak. Ek het 'n verdere vermoede dat bogenoemde persone se lewe en werk juis deur die erkenning van hulle eie verwondheid gemunt is met integriteit en 'n boodskap van waarheid.

Predikante sou dikwels in gesprekke vertel dat dit die geloofwaardigheid was van persoon en boodskap wat hulle geïnspireer het om hulle eie verwondheid baie maal vir die eerste keer te erken en onder woord te bring. Dit was in die ontbloting van 'n wond(e) dat hulle (ons) dan ontdek het hoe metafore hulle (ons) gehelp het om te verwoord wat mees persoonlik was en daarin op verrassende wyse te vind dat dit juis ook 'n ander se seer verklank.

Die bestudering van die literatuur en die gesprekke daaroor het gelei tot die erkenning van die variante lesing as 'n geldige bydrae tot die lewens*teks* van predikant. Predikante is hierdeur aangemoedig om in die *redaksieproses* van hulle eie lewens betrokke te raak en te begin *skryf*, praat en lewe om "...hulle eie onsekerheid en pyn meer openlik te dra" (Burger 1995:125).

In die openlike dra van onsekerheid en pyn word nie net oorgeskryf en ook verder geskryf aan die predikant se eie identiteit nie, maar kry hy/sy ook beter insig in die pyn van lidmate. Soos reeds aangetoon, verleen stories, metafore, beelde en simbole die beste toegang tot die onthulling en herformulering van individue en gemeenskappe se identiteit (Smit 1995:21). Die gevolg is dat die predikant op dié wyse bydra tot koherensie (betekenis) vir groep en individu in 'n komplekse wêreld (Bisshoff *et al*. 2001:34).

In die wetenskap van tekskritiek word na 'n variante lesing gesoek wat die swaarste weeg as verteenwoordiger van die oorspronklike teks (Petzer 1990:194-195). As gesoek word na 'n moontlike variante lesing op die lewens*teks* van die predikant, blyk dit dat 'n verskeidenheid van bronne, waaronder predikante self, die invloed en betekenis van pyn as invloedryk op hulle verhale beskou. Die lesing word versterk as aangetoon word dat die meer openlike *lesing* van pyn die weg word tot heling van jouself en ander.

*Gerdie het vertel dat dit vandag nie meer 'n geheim in die gemeente is dat sy dogter ernstige emosionele probleme het nie. Hy kan nou meer gemaklik daaroor praat en ontdek dat hulle gemeentelede hulle daarom as gesin op 'n besondere wyse ondersteun, maar hom ook opnuut vertrou met hulle eie probleme.*

## 8. TEKSVARIASIE SONDER VERANDERING VAN DIE BOODSKAP

In die wetenskap van tekskritiek word erken dat ongeag die moontlikheid wat bestaan vir die gebruik van verskeie variante lesings die teologie van byvoorbeeld individuele boeke en die Bybel in breë trekke dieselfde sal wees en bly (Petzer 1990:2).

Bosman (2001:273) het reeds die noodsaaklikheid aangedui dat die pastorale terapeut (predikant) se eie verhaal deur die Verhaal van die Skrif geïnformeer sal word. In dié opsig sal na 'n passing tussen die verhaal van my eie verwondheid, die persoon(e)/lidmaat(e) se verhaal en die Skrif se Verhaal gesoek moet word (Veltkamp 1988:107-172). Waar die predikant se lesing van pyn dus as variante lesing as deel van die gespreksdokument erken en gelees word, gee dit 'n eiesoortige aksent in betekenis en dimensie aan die pastorale gesprek (Janse van Rensburg 1992:267-268). Alhoewel die erkenning van persoonlike pyn as moontlike variante lesing 'n nuwe aksent na die lewens*teks* van die predikant bring, bly die Boodskap wat die persoon tot predikant maak en waarvan hy/sy verkondiger, is dieselfde. Die Boodskap word net verder versterk deurdat die predikant nou as "wounded healer" vir ander kan vertel van die groot Geneesheer.

*Tydens 'n ontmoeting met 'n predikante-gespreksgroep het 'n predikant vertel hoe die verduideliking van Henri Nouwen aan die hand van 'n legende uit die Talmud oor waar Jesus gevind kan word, vir haar betekenis het (Nouwen 1979:81-82). Hiervolgens het Jesus se posisie-inname as gewonde*

*by ander gewondes en die wyse van verbinding van sy eie wonde betekenis vir die hedendaagse bedieningspraktyk. Nie net maak dit 'n appél op my eie posisie in 'n moderne/postmoderne konteks nie, maar word my eie verwondheid daardeur erken op só 'n wyse dat ek gereed kan wees vir die oomblik wanneer ek deur ander benodig sal word. Ons het gepraat oor die gedagte dat die predikant se wonde nooit só sentraal moet staan dat hy nie ander se wonde sal kan sien en versorg nie.*

## 9. TEKSKRITIESE FOUTE

Die versameling van inligting is 'n belangrike aspek van tekskritiek (Petzer 1990:173). Nadat die inligting versamel is, kan daar aan die hand van bepaalde kriteria getoets word wat die waarde (gewig) en betekenis van die getuienis is. Op grond van die getuienis kan daar deur rekonstruksie 'n teks geskep word wat as getroue weergawe van die oorspronklike dien (Petzer 1990:195).

Die gesprek(ke) tussen predikante wat in hierdie artikel verwoord is, dra by tot die insameling van moontlike nuwe getuienis oor die lewensteks van die predikant. Vir die doel van die artikel het ek (én my gespreksgenote) gepoog om 'n aspek(te) van die predikant se lewe aan woord te stel. Ek (ons) het voortdurend erken en sal dit graag ook weer hier wil doen dat dit onmoontlik is dat die stemme in die artikel (of enige ander artikel) verteenwoordigend kan wees van al die bronne met moontlike inligting oor die predikant se lewens*teks*. Alhoewel daar dus in terme van die metafoor van tekskritiek nie genoeg getuienis is om 'n variante lesing vir die lewens*teks* van die predikant te aanvaar nie, word aangetoon dat bronne ontbreek en dat verdere navorsing en gesprek nodig is in die formulering van 'n variante lesing.

In gesprek het ek en ander predikante toenemend onder die indruk gekom van moontlike ontbrekende bronne wat aanleiding kan gee tot *teks*kritiese foute in die kies van 'n moontlike variante lesing van die lewens*teks* van die predikant. Sake wat ons bekommer, is onder andere die feit dat die gesprek hoofsaaklik tussen predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gevoer is. Alhoewel daar by verskeie geleenthede predikante/pastore van ander denominasies teenwoordig was, is dit nodig om ook verdere moeite te doen met die betekenisaksente in die verhale van predikante en pastore van ander kerkgenootskappe. Mettertyd sal ook dié verhale van 'n spesifieke kon*teks* in berekening

gebring moet word. Alhoewel die gesprek(ke) in die artikel verteenwoordigend is van verskillende veranderlikes, sal in moontlike toekomstige gesprekke fyn gelet moet word op nuanses soos ouderdom, geslag, kerklike tradisie en demografie.

Ander bronne wat 'n verdere bydrae kan lewer in die soeke na 'n variante lesing van die predikant se lewens*teks* is die Skrif se Verhaal asook die verhaal van die Kerkgeskiedenis. In die voortsetting van die gesprek oor die identiteit van die predikant sal deeglik geluister moet word na die stemme van dié B(b)ronne.

In gesprekke het meer as een deelnemer ook hulle huiwering uitgespreek om té algemeen te praat van wonde. Alhoewel onderskei kan word tussen byvoorbeeld sielkundige en geestelike wonde, sal toekomstige gesprekke die kontoere van betekenis van verwondheid verder en duideliker moet beskryf.

Wat betref die gewig wat aan bronne toegeken word in die soeke na 'n variante lesing vir die lewens*teks* van die predikant, was lede van die gespreksgroep(e) krities oor die waarde van die werk van Henri Nouwen. Alhoewel sy gebruik van die metafore van 'n nar en "wounded healer" die gesprek verryk het en bygedra het tot nuwe besinning oor die identiteit van die predikant, het sommige gevoel dat sy werk te veel klem dra. Daar was verskil van mening in die groep(e) oor die betekenis en invloed van die kerklike tradisie van Nouwen vir 'n eie konteks.

Laastens is dit belangrik dat bykans elke gesprek die kompleksiteit van die predikant se leefwêreld beklemtoon het. Alhoewel almal eens was dat die metafore van 'n nar en "wounded healer" ryk in betekenis is, kan dit nie 'n volle beeld op die predikant se lewe bied nie. Dit is inderdaad só dat wie beweer dat hy/sy die *teks* van die predikant se lewe ten volle kan beskryf, juis nie die volle omvang daarvan begryp nie.

## 11. TEKSKRITIEK IN KONTEKS

Gedagtig daaraan dat "… een predikant is ook maar een mens" (Heitink 2001:287), het ek en die predikante wat aan die gesprek(ke) deelgeneem het, dit goed gedink om as 'n betekenisvolle hoofstuk van ons verhale die betekenis van ons pyn en onsekerheid aan woord

te stel. Ons het in ons eie nadenke gedink dat die aan die woord stel van die verhale juis in dié tyd 'n positiewe bydrae tot nuwe betekenis vir die amp en persoon van die predikant kan lewer. Dié bydrae van die *tekskritiese* artikel op die verhaal van die predikant kan in twee aksente gevind word.

Eerstens is dit opvallend dat ten spyte van die Reformasie se wegbeweeg van die priesteramp, "dominee" (afgelei van die Latynse *dominus* — heer van die huis!) reeds vanaf die 17[de] eeu die aanspreekvorm word (Heitink 2001:14). Ironies genoeg was die naam "dominee" egter nie genoeg om die "*swart … regop … granietsuil*" van "*dominee-wees*" onaantasbaar te laat nie. Bewus van die gegewe dat hierdie slegs *'n hoofstuk* van 'n voortgaande gespreks-*boek* oor die amp en lewe van die predikant is, sal predikante toenemend moet nadink oor die taal waarin hulle identiteit beskryf word.

Die gesprek wat in die artikel gereflekteer word, vra om die erkenning van die persoonlike verhaal van die predikant. Die gespreksgenote het saamgestem dat, geneem ons elkeen se pyn, die dominante *teks* van "dominee", dalk nie die toepaslike beskrywing van ons identiteit is nie. Aangedui in die titel van die artikel en in hakies geplaas met 'n vraagteken (as tekenend van die voortgaande gesprek wat hieroor nodig is) is die woord pastor tekenend van identiteit. In verskillende gesprekke saam met ander predikante het die woord *pastor* 'n klank en betekenis voortgebring van iemand wat met integriteit saam met ander lewensreisigers in die Lig van die Groot Verhaal tot nuwe ontdekkings vir 'n eie en ander lewe(ns) kom (Snyman 2001:122).

Tweedens is dit duidelik dat in die voortgaande formulering van die identiteit van die predikant die betekenis van metafore deeglik in berekening gebring sal word. Metafore wat in samewerking met predikante/pastore ontwikkel word en aan die literatuur ontleen kan word bied die moontlikheid van 'n nuwe beskrywing van identiteit en plasing in konteks. Dit is dan dat 'n nuwe lesing van die lewens*teks* van die predikant/pastor moontlik is.

> *Een predikant het vertel dat hy soos 'n bedelaar is wat ontdek het waar die (B)brood is en dit nou vir 'n ander hongerige(s) wys en gee. Om die (B)brood te kan soek en wys en gee, is dit nodig dat hy (én ek!) voortdurend bewus sal wees van my eie honger (pyn). Hieroor sal ek en my gespreksgenote in lewe wil preek.*

# BIBLIOGRAFIE

BEUKES C J & KOEKEMOER J H
1993. Metafoor, teologie en verbeelding: 'n postmoderne beskouing. *HTS* 49(3):595-608.

BISSHOFF J, MÜLLER J C & VOS C J A
2001. Kerklike leierskap in Suid-Afrika in die 21ste eeu. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(1):33-56.

BÖHMER A C & SPANGENBERG J J
2001. Depressie en angs onder predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Wes- en Suid-Kaap. *NGTT* 42(1 & 2):6-14.

BOISEN A T
1960. *Out of the depths. An autobiographical study of mental disorder and religious experience*. New York: Harper & Brothers Publishers.

BONS-STORM R
2002. The importance of life and faith histories in the methodology of Practical Theology. *HTS* 58(1):26-42.

BOSMAN L L
2002. 'n Narratiewe beskouing van die pastoraal-terapeutiese self in die postmoderne samelewing. Ongepubliseerde D.D.-tesis: Universiteit van Pretoria.

BROWNING D S
1991. *A fundamental Practical Theology. Descriptive and strategic proposals*. Minneapolis: Fortress Press.

BURGER C W
1995. *Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd. Gemeente en bediening 3*. Kaapstad: Lux Verbi.

CILLIERS J H
1998. *Die uitwysing van God op die kansel. Inspirerende perspektiewe op die prediking-om God te sien en ander te láát sien*. Kaapstad: Lux Verbi.

DE BRUIN G P & MALAN I A
2001. Die verwantskap tussen koherensiesin, uitbranding, werksteverdenheid en die voorneme om te bedank by predikante. *NGTT* 42(3 & 4):357-368.

DREYER Y
2003. Beyond psychology: spirituality in Henri Nouwen's pastoral care. *HTS* 59(3):715-733.

ERASMUS L M
2004, 13 April. Kerklike bedieningspraktyk. Rubriek: Woord en Perspektief. *Die Volksblad*, p. 7.

FORD M

1999. *Wounded prophet. A portrait of Henri J.M. Nouwen*. London: Darton, Longman and Todd.

FRANK A W

1995. *The wounded storyteller: body, illness and ethics*. Chicago: The University of Chicago Press.

FREEDMAN J & COMBS G

1996. *Narrative therapy. The social construction of preferred realities*. New York: W. W. Norton & Company.

GERKIN C V

1984. *The living human document: re-visioning pastoral counselling in a hermeneutical mode*. Nashville: Abingdon Press.

1991. *Prophetic pastoral practice. A Christian vision of life together*. Nashville: Abingdon Press.

1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon Press.

GREENFIELD G

2001. *The wounded minister. Healing from and preventing personal attacks*. Grand Rapids: Baker Books.

HEITINK G

2001. *Biografie van de dominee*. Baarn: Uitgeverij Ten Have.

HOSKINS M & LESEHO J

1996. Changing metaphors of the self: implications for counselling. *Journal of Counselling & Development* (74):243-252.

JANSE VAN RENSBURG J

1991. Selfopenbaring in die pastoraat. *NGTT* 32(2):264-270.

JONAS R A

1998. *Henri Nouwen. Writings selected with an introduction by Robert A Jonas*. New York: Orbis Books.

JONKER W D

1998. *Selfs die kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg.

JUNG C G

1933. *Modern man in search of a soul*. London: Routledge Classics.

1961. *Memories, dreams and reflections*. New York: Vintage Books.

1964. *Man and his symbols*. London: SCM.

KELLERMAN K

1991. Die oorsake van werkstres by die predikant. *NGTT* 33(2):290-298.

KNIGHT J A

1986. The religio-psychological dimension of wouned healers. In: L.H. Robinson (ed.), *Psychiatry and religion: overlapping concerns* (Washington: American Psychiatric Press Inc.), pp. 34-49.

KOTZÉ E & KOTZÉ D
1993. Die predikant se storie: 'n narratiewe benadering tot die ontwikkeling van die persoon van die predikant. *NGTT* 34(3):363-384.
2001. *Telling narratives. Spellbound edition*. Pretoria: Ethics Alive.

LAKOFF G & JOHNSON M
1980. *Metaphors we live by*. Chicago: University of Chicago Press.

LOUW D J
1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie en antropologie, metode en terapie*. Nuwe hersiene uitgawe. Wellington: Lux Verbi.
2003. The paradigmatic revolution in practical and pastoral theology: from metaphysics (substantial thinking) to empirism (experential thinking); from theism to theopaschitism (hermeneutical thinking). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 18-(2):33-57.

LOUW D J & HAMMAN J
1997. Religious metaphors and symbols in a psychiatric setting. *NGTT* 38(4):74-388.

MALHERBE P B & LOUW D J
2002. Die dinamika tussen teologiese paradigmas en die verskynsel van uitbranding in die bediening. *NGTT* 43 (3 & 4):513-522.

MEANS J J
2002. Mighty prophet/wounded healer. *The Journal of Pastoral Care & Counselling* 65(1):41-49.

MEEK K R, MCINN M R, BROWER C M *et al*.
2003. Maintaining personal resiliency: lessons learned from evangelical protestant clergy. *Journal of Psychology and Theology* 31(4):339-347.

MORGAN A
2000. *What is narrative therapy? An easy-to-read introduction*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

MÜLLER J C
1992. Uitbranding by die predikant: 'n sistemiese perspektief. *Skrif en Kerk* 13(2):171-181.
1996. *Om tot verhaal te kom. Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

MÜLLER J C & HOWELL T
2003. "Butterfly-Leadership"-stories of hope for church leaders. [Aanlyn] Bekom van: http://www.julianmuller.co.za/Butterfly-leadership.htm [2003, 27 November].

MÜLLER J C & MARITZ B
1998. Die waarde van metafore binne die hermeneuties-pastorale sisteem. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 13(1):64-71.

MÜLLER J C, VAN DEVENTER W & HUMAN L
2001. Fiction writing as metapor for research: a narrative approach. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 16(2):76-96.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
2002. *Agenda vir die 11de sitting van die Algemene Sinode*. Pretoria: 264-276.

NEL M
2001. *Ek is die verskil. Die invloed van persoonlikheid in die prediking*. Bloemfontein: CLF.

NTONOVSKY A
1987. *Unraveling the mystery of health. How people manage stress and stay well*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

NOUWEN H J M
1979. *The wounded healer: ministry in contemporary society*. London: Darton, Longman and Todd.
1997. *The inner voice of love: a journey through anguish to freedom*. London: Darton, Longman and Todd.

PETZER K
1990. *Die teks van die Nuwe Testament. 'n Inleiding in die basiese aspekte van die teorie en praktyk van die tekskritiek van die Nuwe Testament*. Hervormde Teologiese Studies Supplementum 2.

ROUX G B
1992. Stressore in die bediening en die effek daarvan op spesifieke persoonlikheidsaspekte van die predikant. *NGTT* 33(1): 225-232.

SCHOEMAN K
1995. *Die uur van die engel*. Kaapstad: Human & Rousseau.

SEDGWICK D
1994. *The wounded healer. Countertransference from a Jungian perspective.* London: Routledge.

SMIT A
1995. *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes. Die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Gemeente en bediening 4*. Kaapstad: Lux Verbi.

SNYMAN S D
2001. Waar is die Moses-figure wat na God wys? *Acta Theologica* 21:113-125.

STREIB H
1991. *Hermeneutics of metaphor, symbol and narrative in faith development theory*. New York: Peter Lang.

STRYDOM H
2002. Participatory Action Research. In: A.S. de Vos (ed.), *Research at grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions* (Pretoria: Van Schaik Publishers, Second edition), pp. 419-434.

SWART T, FOURIE C M & SCHEEPERS H F
2001. Aspekte van uitbranding by predikante van die NG Kerk in die Sinode van Suid-Transvaal (1997-1999): enkele empiriese bevindings. *NGTT* 42(1-2): 89-100.

UZZELL D
1995. Ethnographic and Action Research. In: G.M. Breakwell, S. Hammond & C.F. Schaw (eds.), *Research methods in Psychology* (London: SAGE Publications).

VAN ZYL H
2004, 12 Oktober. Predikante en stres. Alle kerke se geestelike leiers betrokke. Rubriek: Woord en Perspektief. *Die Volksblad*, p. 8.

VELTKAMP H J
1988. *Pastoraat als gelijkenis*. Kampen Uitgeversmaatschappij: J. H. Kok.

VOS C J A
1998. 'n Spieël vir die predikant Deel II. *Skrif en Kerk* 19(1):128-141.

WHITE M & EPSTON D
1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: W.W. Norton & Company.

WHITE M
1997. *Narratives of therapists' lives*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.
2002. Addressing personal failure. *The International Journal of Narrative Therapy and Community Work* 3:33-76.

WINSLADE J
2003. Storying professional identity. Retrieved II June 2003 from the World Wide Web: http://www.dulwichcentre.co,.au/johnwinsladearticle.htm.

ZUIDEEST P
1985. People live on symbols. *The Journal of Pastoral Care* 39(4):328-341.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Predikant | Minister |
| Narratief | Narrative |
| Metafore | Metaphors |
| Verwonde Geneesheer | Wounded Healer |
| Identiteit | Identity |